


Uitgawe 1
Januarie 2011

# DIE NUWE JERUSALEM

# Wat is die Nuwe Jerusalem?

**REDAKSIONEEL:**

**Die Nuwe Jerusalem Tydskrif** het die lig gesien na verskeie gesprekke met gelowiges wat alreeds in die ***Nuwe Openbaring*** ingewy is. Vir diegene wat nie weet nie, is die ***Nuwe Openbaring*** die ware leer van die Messias, soos wat Hy dit vir ons kom gee het, ongeveer 2000 jaar gelede. Ongelukkig het Hy nie alles laat opteken nie, en Johannes bevestig dit in **Johannes 21:25** waar hy eintlik sê dat die wêreld van daardie tyd nie die boeke sou kon bevat nie, oftewel hulle dit nie toe sou kon verstaan of begryp nie.

> ***Johannes 21:25*** *En daar is nog baie ander dinge wat JaHshua alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat (**begryp**) nie. Amen.*

Onthou, die mense was toentertyd so bygelowig dat hulle nog geglo het die aarde is plat! Verseker sou Jahshua die ware toedrag van sake aan Sy ingewydes oorgedra het, maar dink maar hoe min van hierdie bygelowiges enigiets daarvan sou geglo het. Maar JaHshua sê dat Hy die meeste van daardie inligting bewaar het vir die eindtye, wanneer die mensdom dan meer tegnologies gevorderd sal wees en nie so vol ou bygeloof en onkunde soos toentertyd nie. Hierdie verborge inligting is nou bekend en baie is al in Afrikaans vertaal gedurende die afgelope tien jaar. Baie van die geskrifte sal u egter nog in Engels vind en daarom sal die tydskrif ***Die Nuwe Openbaring*** ook tweetalig wees. Bekende profete soos Jakob Lorber, Bertha Dudde, Emanuel Swedenborg, Siener van Rensburg en ander sal gebruik word.

Daar is verder `n behoefte onder ons om met mekaar te gesels, vrae te vra en ons eie ontdekkings te publiseer. Daarom is die tydskrif vir almal om artikels te plaas en almal kan kommentaar lewer in ons briewekolom. Vele aktuele onderwerpe, soos die eindtyd, - wat staan ons te wagte, die hiernamaals, - hoe lyk dit daar, die heelal, - hoe groot is die heelal, - die werking van die siel, die gees en vele ander onderwerpe gaan in hierdie tydskrif behandel word.

`n Ander nuwe aspek wat in die tydskrif ingesluit sal word is, die beriggewing van die naasteliefde werke onder ons Boerevolk. Artikels oor verskillende aksies en sentrums sal gepubliseer word, nie ter wille van aardse loon nie, maar sodat die lesers geprikkel sal word om deel te neem aan sulke aksies en self in hul eie gebied sulke aksies op die been te bring.

U kan soveel saad (Woord) op u akker (hart) saai soos u wil, as die akker nie bewerk word nie, sal niks opkom en vrug dra nie. Die bewerking van u hartsakker is die aktiewe doen van dade van naasteliefde. Daarsonder is ons klinkende en holle simbale.

Hierdie volk sal nie deur Skrifkennis alleen gered word nie, maar deur daadwerklike en onverdienstelike werke van naasteliefde. Bykans 700 000 Boere en hul kinders leef onder die broodlyn waar duisende hulself in plakkerskamp toestande bevind, `n direkte gevolg van `n sataniese beheerde blanke regering wat sonder slag of stoot gekapituleer het en `n sosio-ekonomiese ramp agtergelaat het. Die huidige Godlose en goddelose regering buit hierdie toestand uit en ons Volk verarm elke dag net verder agv regstellende aksie, kwotastelsels, gedwonge integrasie ens. Die gebrek aan dissipline op jeugvlak, die liberale skool- en kerkstelsel en willose en pap ouers, is alles bydraende faktore wat saamspan om ons volk in hoogste versnelling oor die afgrond te stuur. Slegs deur `n omvattende en alles insluitende poging deur almal in die volk, sal ons die dood van ons volk kan stuit. Dit is `n werk vir beide die wat het en die wat nie het nie.

Onthou, werke bring jou nie in die hemel nie, **WERKE IS DIE HEMEL!!!**

Laat dit duidelik wees vir elkeen wat nog in `n kerk sit en wat sê dat glo genoeg is, of dat genade genoeg is om jou te red. Dit is leuens uit die hel uit. Die duiwels glo ook en hulle sidder, Sy wondergenade is juis vir ons op Golgotha uitgestort sodat ons Sy voorbeeld kan opneem en daadwerklik begin om ons Volk te dien. Om te dien is om te werk. Die werke is as volg gedefinieer:

> ***Matthéüs 22:37*** *En JaHWèshua antwoord hom: **Jy moet jou Elohey liefhê** met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.*
>
> ***38*** *Dit is die eerste en groot Gebod.*
>
> ***39*** *En die tweede wat hiermee gelykstaan: **Jy moet jou naaste liefhê** soos jouself.*

Dit is dus die tweeledige doel van ***Die Nuwe Openbaring Tydskrif*** wat maandeliks sal verskyn, - die voorsiening van saad, maar ook die aansporing om die saad in te ploeg in u hartsakker. Lekker lees en skryf gerus.

***Die Redaksie***

# Hoe verduidelik JaHshua die Nuwe Openbaring?

**Uit die Groot Johannes Evangelie Boek 6 Hfs 13 van Jakob Lorber.**

*(Die Meester toon aan die aanwesiges, waaronder al die apostels was, `n groot Ster in die ruimte.)*

2] **JaHshua** sê: "Wees jy maar net rustig, want julle sal almal hierdie ster dadelik van naderby leer ken!"

[3] Daarop het Ek (JaHshua) vir alle aanwesiges vir enkele oomblikke hul innerlike gesig geopen en die ster het `n wêreld vol lig geword en in die middel daarvan het `n nuwe Jerusalem gestaan, wat twaalf poorte gehad het en die ringmure, wat `n vierkant gevorm het, was uit eweveel soorte edelstene gebou soos wat daar poorte in die stad was. Deur alle poorte het engele in - en uitgegaan; ook was Moses en EliJaH weer aanwesig met nog talle ander profete. Die Judeërs het hulle uitermate daaroor verbaas en het begin om My te loof en te prys omdat Ek aan hulle die groot barmhartigheid bewys het om hulle dit te laat sien. Maar Ek het hulle weer in hulle natuurlike toestand teruggeroep en toe het hulle maar net weer die helder ster gesien, wat steeds kleiner geword en uiteindelik heeltemal verdwyn het.


[4] Toe die hele skouspel ten einde was, het byna almal tegelyk vir My gevra wat dit nou was.

[5] **EK** (JaHshua) sê: "Daar was **My nuwe leer** te sien, wat Ek uit die hemele aan julle gee. **Dit is die ware, nuwe Jerusalem uit die hemele;** want die ou, aardse het geen waarde meer nie. Die twaalf poorte dui op die twaalf egte stamme van Israel en die twaalf soorte edelstene van die ringmure dui op die tien gebooie van Moses en die boonste twee rye uit diamant en robyn dui op My twee gebooie van die liefde vir Elohim en die naaste. Die engele wat by die poorte uit- en ingaan, dui op die talle waarhede wat vir die mense duidelik word deur My leer getrou in ag te neem. Diegene wat uit die stad uit gaan, gee die groot wysheid weer van My leer en die talle mense wat in die stad ingaan, gee weer hoe die mense hierdie leer van My as pure liefde ook in hulle harte moet laat kom en daarvolgens moet handel, dan sal hulle daardeur tot die ware, geestelike wedergeboorte kom en daardeur in alle waarheid en wysheid binnegelei word.

[6] Dit is die betekenis van hierdie gesig en dit is dan ook die ware barmhartigheidson vir elkeen wat

*(vervolg op bladsy 4)*

# Boeke beskikbaar



**Nuwe Jerusalem kontak- en bankbesonderhede:**

Alle boeke kan bestel word deur ons telefonies te kontak by:

**TEL**: 012-376 4304 of **SEL**: 078 140 6677 of **FAKS**: 086 718 4749

of per **epos**: nuwejerusalem@gmail.com

Betalings kan direk gemaak word in die ABSA spaar rekening:

**Dogter van Sion**. No: 38001060811. Takkode: 334146.

**Posadres**: Nuwe Jerusalem, Posbus 1130, Hartebeespoort, 0216

---

## Die Nuwe openbaring Boeke

Die volgende boeke is by ons boekwinkel beskikbaar teen die aangeduide pryse. Om kostes te bespaar het ons die werke van Bertha Dudde saamgestel in een bundel van 800 bladsye. Die boeke van Jakob Lorber is ook in 4 soortgelyke bundels saamgestel om kostes te bespaar.





**LEWENSWAARHEDE deur BERTHA DUDDE gedikteer** gedurende 1938 tot 1964 deur ons Hemelse Vader aan hierdie Duitse dame. Boek is A4 grootte hardeband met kunsleer oorgetrek van ongeveer 800 bls en bevat oor die 6000 profesieë vir die eindtyd.

Van die onderwerpe is as volg; 1 Wêreldgebeure; 2 Bertha Dudde - die profetes van die eindtyd; 3 Natuurverskynsels; 4 Die Antichris; 5 Tekens van die Eindtyd; 6 Wat die wêreld te wagte staan; 7 Die Voorloper; 8 Tekens van die Tye; 9 Die wederkoms van die Messias; 10 `n Tyd van Ellende; 11 Die Drie-eenheid; 12 Die hernude kluistering; 13 Die nuwe aarde; 14 Onderrig en bemoediging vir Sy dienare; 15 Die stryd teen JaHshua Messias (Jesus Christus); 16 Die waarheid is uit Elohim; 17 Elohim skenk Sy barmhartigheid aan die deemoedige; 18 Stryd met die swaard van die mond; 19 Golgotha; 20 Oor die ware gebed; 21 Die toekoms word die teenswoordige; 22 JaHshua troos u; 23 Geregtigheid en Barmhartigheid van Elohim; 24 U het tog `n Vader; 25 Siekte en Leed; 26 Geestelike Nood; 27 Die onse Vader; 28 Die geheim van Menswees; 29 Elohim Self oor Golgotha. 30 Liggaam, Siel, Gees 31 Oorsprong van die Bose 32 Reïnkarnasie 33 Die innerlike stem 34 Vrae oor die wêreldruim 35 Beproewings en Versoekings 36 Die Hemelliggame en vele ander **Prys R340 posgeld ingesluit.**





**Die Nuwe Openbaring aan Jakob Lorber gedikteer:** Nou beskikbaar in 4 hardeband bundels A4 grootte met kunsleer oorgetrek van ongeveer 800bls elk. Die boeke bevat al die Afrikaanse vertalings van die Duitse profeet, Jakob Lorber. Die volgende boeke is ingesluit: Groot Evangelie van Johannes: Boek 1 tot 11; Huishouding van Elohim: Boek 1 tot 3; Hel tot Hemel: Boek 1 ot 2; Geestelike Son Boek 1-2; Jeug van JaHshua; Drie dae in die Tempel; Bybeltekste en hul verborge betekenis; Oor die drumpel van die dood; Paulus se brief aan die Laodicence; Genesing deur Sonlig; Gawes uit die Hemel (gedeeltelik); Aarde en Maan; Geheime van die Natuur; Lewensgeheime, Die verhaal van Biskop Martinus. **Prys R340 posgeld ingesluit.**

**Volksleidingreeks–Boeke 1 tot 7**; Hierdie boekies is in 2009 deur ons Vader aan sy Boerevolk gedikteer. Voorwaardes vir die finale wedergeboorte hierin vervat asook eindtyd openbaringe. **Prys R160 vir reeks posgeld ingesluit.**





**Die Melgisédek-Orde**: `n Boek wat handel oor die lewe van die mistieke persoon van Melgisédek en hoe hierdie Persoon nou aan die eindtyd sal figureer te midde van Sy volgelinge in Sion.

**Prys R120 posgeld ingesluit.**




**Ek en die Vader is EEN**: `n Boek wat u in eenvoudige taal sal verklaar hoe die onverstaanbare Drie-Eenheid in mekaar steek.

**Prys R30 posgeld ingesluit**




**Die Verborgenheid van JaHWeH**. Hierdie boekie is ook deur die Hemelse Vader aan een van Sy knegte, Francois Fourie gedikteer en beskryf die proses wat lei tot die wedergeboorte.

**Prys R30 posgeld ingesluit**






**Die Twee Getuies**. Hierdie boekie handel oor die twee getuies aan die eindtyd en is deur Vader gedikteer aan Marietha Nel in 2008.


**Prys R30 posgeld ingesluit**





**Boek van Herinnering**: Hierdie vertaling van die Bybel is `n direkte transliterasie uit die oorspronklike tale en bevat nog 23 addisionel apokriewe boeke. Die boek is hardeband met kunsleer oorgetrek en beslaan 880 bladsye. Die Heilige Name is ook hierin herstel.

**Prys R350 posgeld ingesluit.**








# Riglyne en Standaarde in "Die Nuwe Jerusalem" tydskrif

Om konsekwent te bly, sal die onderstaande standaarde geld vir alle artikels in hierdie tydskrif, behalwe waar die redakteur dit nodig ag om van die ou benamings gebruik te maak.

## Vertalingsnotas

Die oorspronklike geskrifte van **die Nuwe Openbaring** was aan Jakob Lorber en Bertha Dudde in Duits gedikteer. Die Emmanuel Swedenborg geskrifte was oorspronklik in Latyns gegee, maar is deur ons vanuit Engels na Afrikaans vertaal.

Die **Jakob Lorber Stigting** het hierdie publikasies taalkundig versorg sodat dieselfde Hebreeuse begrippe wat in die Boek van Herinnering voorkom, sover moontlik daarin vervat word. Daar is sover moontlik weggedoen met alle vergrieksings, heidense afgodsname, benoemings en begrippe en dié is vervang met die oorspronklike Hebreeuse name en begrippe. Daar is wel gehou by bekende name se vergrieksings soos Johannes en Matthéüs en andere weens die moontlike vreemdheid daarvan by die oorgrote meerderheid lesers.

Hierdie publikasies word nou in die **Nuwe Jerusalem** geplaas met die volgende belangrike regstellings, soos wat dit deur die Hemelse Vader, JaHWeH aan ons as uitgewers en drukkers getoon is.

1. Die heidense benoeming van Baäl, naamlik "HERE" is reggestel met die ewige onveranderlike Naam "***JaHWeH***". Die Naam was wel in die oorspronklik gedikteerde dokument as *Jehova* geskryf.
2. Die heidense titel "Here", wat Baäl beteken, is reggestel met die woord "***Meester***".
3. "Jesus", die Griekse afgodsnaam, is reggestel met "***JaHWèshua"*** wat in Hebreeus beteken "JaHWeH verlos" of as JaHshua, die verkorte Aramese uitspraak.
4. Die heidense woord "Christus" wat ontleen is van die Griekse god, *Kristos*, is vertaal as "***Messias***".
5. Die woord "God" is in ooreenstemming met die Hebreeuse Bybelvertaling reggestel as "***Elohim, El, Elohey en Elowahh***".
6. Die heidense woord "heilig" is reggestel met die Afrikaanse woord vir die Hebreeuse begrip "godesh" naamlik "***afgesonder, apart, gewyd, apartgestelde en apartheidsplek***".
7. Die name van stede, stamme en persone waar die Hebreeuse tetragram ***JaH, JaHW of JaHH*** in voorkom, is reggestel sodat die tetragram wat verwys na ons Hemelse Vader se Naam, geëer word.
8. Waar die woord, "God" (wat "El" in Hebreeus is) in name voorkom, is dit so aangetoon, soos byvoorbeeld, JonaEl.

Onder die begrip "mens" moet verstaan word die adamitiese skepping van die sesde dag, naamlik die nageslag van Adam

**Woord aan Madeléne:**

**Hulpgeroep in die nag van my siel**

Ek versmag in die nag
Ek versmag wyl ek geduldig wag
Voer 'n gesprek met die winter
Soek ek na son daar gunter
Winter-seer moet wyk
Want ek wag op U ryk
Laat die oggendstond aanbreek
Laat die goud daarin verskyn
Verwyder die nag se pyn
'seblief. Amen

**Oorgawe**

Alles wat ek het
Alles wat ek is
Alles binne my
Gee ek oor aan U
Kom neem my nou
Ek gee my hele lewe
Want dit is sonder U
Tog net dood
Neem volle beheer
'seblief my Heer

### Hoe kan "Die Nuwe Jerusalem bestel word en wat is die koste?

Die Nuwe Jerusalem sal beide elektronies en op papier versprei word. Die elektroniese weergawe sal gratis beskikbaar gestel word op die webwerf, www.nuweopenbaring.co.za en wel onder die afdeling: Aktueel.

As gevolg van drukkostes, sal daar `n koste vir die papier uitgawe wees van R20 per eksemplaar, of R200 jaargeld.

Neem asseblief kennis dat ons beplan om maandeliks honderde uitgawes gratis te versprei, veral aan hulpbehoewendes en gevangenes, en dat ons u ondersteuning hierin hoog op prys sal stel. Alle skenkings en intekenfooie kan betaal word in:

**Dogter van Sion**

ABSA spaar rekening:

REK No: 38001060811. Takkode: 334146.

U kan bewyse pos, faks of epos na:

**Posadres**:

Nuwe Jerusalem, Posbus 1130, Hartebeespoort, 0216

**TEL**: 012-376 4304

**SEL**: 078 140 6677

**FAKS**: 086 718 4749

**epos**: nuwejerusalem@gmail.com

**Werke bring jou nie in die hemel nie, werksaamheid ÍS die hemel**

*(Vervolg van bladsy 1)*

My woord hoor en daarvolgens leef en daarin sal ook almal wat nou en later in My glo, vir ewig by My wees en by My woon en saam met My alles bestuur en lei wat in die ewige ruimte geskape is.

Verdere uitleg oor Die Nuwe Jerusalem uit **die Groot Johannes Evangelie Boek 7 Hfs 54 van Jakob Lorber**

### Die uitleg van die derde ligverskynsel

*(Die Meester het `verskeie wonderbaarlike ligverskynsels bo Jerusalem aan sy volgelinge getoon en Hy beskryf die innerlike betekenis van een aan hulle)*

54 **Nikodemus** sê: "Majesteit en Meester, dit begryp ek nou en ek dank U uit die diepte van my hart vir hierdie baie belangrike lering! Maar omdat U ons nou die twee ligverskynsels uitgelê het, wil ek U vra om vir ons ook nog die derde verskynsel uit te lê; want daar moet iets baie besonders daarin verborge wees."

[2] **Ek** (JaHshua) sê: "Ja, ja, Ek sal wel die derde verskynsel vir julle uitlê, maar julle sal dit nie goed begryp nie; **want wat die verre toekoms nog sal bring**, sal julle eers duideliker insien wanneer julle in die gees wedergebore is. Maar Ek sal tog iets daaroor vertel, luister dus!

[3] Die ligpilaar wat uit die hemel na aarde teruggekeer het, **is Ek in die gees van My lewende woord**, wat Ek in die toekoms in die harte van die mense sal lê wat My liefhet en aan hulle wat My gebooie sal hou; na hulle sal Ek Self kom en aan hulle sal Ek My openbaar. En so sal hulle almal opnuut deur Elohim onderrig word.

[4] Dat die pilaar in talloos baie dele uiteengaan, beteken dat die innerlike, geestelike betekenis van al My woorde en leringe onthul sal word, wat Ek sedert die begin van die menslike geslag aan die mense by monde van die aartsvaders, die profete en sieners en nou Self gegee het.

[5] Uit al die vele gedeeltelike onthullings van die innerlike, geestelike betekenis van Elohim se woord sal daar uiteindelik **`n ware en groot lig- en lewensleer** ontstaan, en hierdie leer sal dan **die groot en nuwe Jerusalem wees, wat uit die hemel na die mense sal neerdaal**. En wie in die nuwe leer sal wees en lewe, sal in die nuwe Jerusalem wandel en ewig daar woon, en aan hulle grenslose salighede sal nooit `n einde kom nie. Want Ekself sal by hulle wees en hulle sal die tallose heerlikhede van My Liefde, Wysheid en Almag aanskou.

[6] Daar sal egter vanaf die ondergang van hierdie ou stad Jerusalem tot by die tyd waarop die nuwe stad van Elohim na die aarde toe kom, weinig lig by die mense op aarde wees; want daar sal maar al te gou `n groot aantal valse profete en priesters in My Naam opstaan en valse wonders verrig en die mense mislei en blind maak. Ja, die Antichris sal sulke dinge met die hulp van die aardse konings doen, dat selfs My uitverkorenes, as Ek dit sou toelaat, verlei sou word om hulle knieë te buig vir die nuwe Baäl. Dan sal Ek weer `n tyd van groot nood onder die mense laat aanbreek, soos wat daar nog nooit vroeër onder die son voorgekom het nie. Dan sal Baäl netsoos die groot hoer van Babel terneergewerp word, en die lig van die lewende woord in die harte van vele mense sal dan skyn en sal die mense wat gebuk gaan onder hierdie nood, oprig en verlos, en hulle sal hulle almal verheug in die nuwe lig en My Naam loof en prys.

*(**Red**: so sien u dus dat die Nuwe Jerusalem `n nuwe leer is, die leer wat 2000 jaar gelede deur JaHshua na die ou verdorwe tempel in Jerusalem gebring is, omdat die oue verdraai en uitgedien was. Hierdie nuwe leer word nou weer aan die einde vir ons gegee, omdat die ou Jerusalem (die kerk) ook verdorwe geword het en ons nou opnuut JaHshua se leer deur Sy profete kan lees)*

# Die Nuwe Openbaring bevestig die vervalle toestand van die kerk

(***Red**: Hier volg etlike verse uit die Nuwe Openbaring - Groot Evangelie van Johannes deur Jakob Lorber oor die toestand van die mense se gees toe en na 2000 jaar, sowel as die belofte van die nuwe leer van JaHshua;)*

### Oor die toestand van die Judese volk 2000 jaar gelede:

NOJ02_218:14 Ek (JaHshua) sê (*aan die skrywers van daardie tyd*): "Dit kan julle vir julleself doen, maar vir hierdie volk **hoef julle dit nie op te skryf nie,** want hulle is nog so `n tweeduisend jaar te jonk om dit te verstaan. `n Mens moet nooit die pêrels voor die swyne gooi nie, omdat hulle nie weet om die kos te onderskei van die slegste varkvoer nie. Maar vir julle en vir `n paar ander kan julle dit in elk geval wel opskryf."

### Oor die belofte van `n Nuwe openbaring:

NOJ03_15:6 **Ek** sê: "Ook daarvoor is gesorg! Want na My bly die hemelpoort altyd oop staan en dit wat ons nou hier bespreek, sal oor **meer as `n duisend jaar ook woordeliks gehoor en opgeskrywe word**, asof dit voor die oë plaasvind van diegene wat byna tweeduisend jaar na ons die aarde sal betree. En elkeen wat in die toekoms êrens oor iets sal twyfel, sal baie duidelik uit die hemele ingelig kan word. Want hierna sal elkeen selfs deur Elohim onderrig moet word en diegene wat nie van Elohim lering kry nie, sal nie in die vreugdevolle ryk van die waarheid ingaan nie."

### Hoekom die bygelowiges nie die NO 2000 jaar gelede moes hoor nie

NOJ10_201:5 En ook julle, My leerlinge en julle Judeërs, moet onder die Judeërs daar in die Beloofde Land geen ophef hieroor maak nie; want **vele sou julle nie glo nie**, maar julle maar net uitlag en vervolg. En veel ander, swak Judeërs sou julle wel glo, en deur julle ook in My glo; maar daardie geloof sou vir hulle geen stewige basis hê nie, omdat hulle dit ten eerste deur hulle eie toevoegings maar al te gou groter sou maak, soos wat hulle met al hulle bygeloof doen, en ten tweede sou so `n manier van verder uitbrei te baie na die ou bygeloof ruik en sodoende slegs **`n baie twyfelagtige geloof bewerkstellig**; want as mens later in hierdie streek sou kom om hulle van die wonder te oortuig, sou mens sê dat ook egte vlyt en ywer van die mense dit tot stand kon gebring het.

### Die vervalle toestand van die Christelike kerk aan die einde

NOJ06_149:1 Ek sê: 'Vriend, soos wat dit nou is, sal dit oor ongeveer **tweeduisend** jaar weer wees, en die aanloop daartoe sal al baie vroeër begin! In ons tyd is die Judeërdom (Jodedom) baie erger as die heidendom - want die heidene gebruik tenminste nog hulle verstand, terwyl dit by die Judeërs met die voete vertrap word; - maar in dié tyd sal My leer, dus **die Christendom, erger wees as die Judeërdom en die heidendom tesame.** Daar sal dan groot geestelike nood onder die mense wees.

NOJ08_162:4 Die valse stoel sal weliswaar lank standhou, baie meer as duisend jaar, maar sal die leeftyd van **tweeduisend** jaar nie bereik nie! Reken nou maar, as jy kan reken!

### Die suiwer wetenskap en kuns die voorloper vir die Nuwe Leer

NOJ09_90:11 Maar dit sal nie so bly nie; want op die regte oomblik sal Ek mense wek vir die suiwer wetenskappe en kunste, en hulle sal dit aan die mense van die dakke verkondig, hoe die dienare van Bileam hulle wonders gedoen het. Sodoende sal die suiwer wetenskap in alle dinge en ook die suiwer kuns tot `n onoorwinlike voorloper en voorvegter van My word teen die ou bygeloof; en as die Augiasstal daardeur gereinig sal wees, sal Ek maklik en heel doeltreffend weer na hierdie aarde kan kom. **Want My suiwer lewensleer sal hom maklik verenig met die oral suiwer wetenskap van die mense** en op die manier die mense `n volledige lewenslig gee, omdat die een reinheid die ander nooit kan verontreinig nie, netsoos die een sonneklaar waarheid die ander nie kan verontreinig nie."

NOJ09_184:5 Maar tog sal ook hierdie kennis in die geheim bewaar bly onder diegene wat in My leer sal bly, en dan sal daar `n tyd kom waarin hierdie wetenskap, en tegelyk daarmee duisend ander, al die ou bygeloof vir altyd tot op die bodem sal vernietig. Maar eers sal daar nog langdurige en harde stryd wees; **ten slotte sal die waarheid egter oorwin**, en al die duistere, valse en slegte sal vir ewig in die afgrond verdoem word.

# "Ek en die Vader is EEN"

## Johannes 10:30

deur Dirk van Vuuren

## Deel 1



*Is die Godheid `n Drie-Eenheid, is dit Drie-koppig, Twee-koppig of is die Godheid EEN.*

*Soveel is al hieroor gedebatteer, kom ons kyk hoe openbaar ons dierbare Verlosser, JaHWèshua dit aan ons.*

## Hoofstuk 1

### Inleiding

Hierdie artikel is `n poging om meer lig te werp op die Drie-Eenheid. Talle geskrifte en referate het al die lig hieroor gesien, talle doktorsgrade is al hiervoor toegeken, maar helaas, as `n mens so `n kenner vra om die Drie-Eenheid vir jou te verduidelik, dan verstrik hy self in sy eie self opgemaakte dogma. Na so `n verduideliking, is `n mens dan weer meer deurmekaar as voorheen.

Waarom is hierdie begrip dan so moeilik om te verstaan? JaHWèshua sê dan Self dat ons soos kindertjies moet word as ons die koninkryk wil beërwe.

> ***Mar 10:13** EN hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die studente het die wat hulle gebring het, bestraf.*
>
> ***Mar 10:14** Maar toe JaHWèshua dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: <u>Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk van die Elohim</u>.*
>
> ***Mar 10:15** Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die Koninkryk van die Elohim <u>nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal nooit in haar ingaan nie.</u>*

Verseker het ons Meester nie net hier van werklike kindertjies gepraat nie, maar van volwasse mense wat moet glo soos `n kind. Definitief vereis Hy **NIE** dat jy `n doktorsgraad in Godsgeleerdheid moet bekom om in die koninkryk te kom nie, juis die teendeel. U kan dus sien hoe ver die hedendaagse priesterdom van die kerk afgedwaal het van die oorspronklike leer van JaHWèshua. Hy, die Meester was juis aangeval deur die skrifgeleerdes, skrywers en fariseërs van daardie tyd. Vandag is dit presies dieselfde, want hulle val Sy Woord gedurig aan. In hul slim geleerdheid beredeneer hulle alles in die Skrif met hulle verstand. Dis dan wanneer uitsprake deur die kerkvaders gemaak word teen die maagdelike geboorte, die opstanding, Jona en die vis, die Ark en ander ware gebeurtenisse wat in die Woord verhaal word.

Hoe neem `n kind die woord van sy ouers op? Eenvoudig en met die volste vertroue en geloof. Hoe het mamma vir die kleintjie gesê hoe hy moet bid? "Liewe Jesus, maak my hartjie rein ....."

Is dit nie hoe ons as volwassenes ook moet begin bid nie, instede daarvan om hierdie Groot onverstaanbare Drie-Eenheid aan te spreek nie? In jou gebed twyfel jy of dit nou `n vraag is vir die Vader of moet dit gerig word aan die Seun, of dalk aan die Vader in die Naam van die Seun..? Wanneer moet ek tot die Gees bid, want dit is tog ook `n derde Persoon van die Godheid, volgens die Heidelbergse kategismus en die Dordse leerreëls wat meeste van ons in moes gekatkiseer het. Hier volg twee aanhalings uit hierdie geskrifte. Ek kan u verseker dat ek dit nie op 18 jarige katkisasie ouderdom verstaan het nie en nou op 54 verstaan ek dit nog minder.

> *GOD DIE HEILIGE GEES EN ONS HEILIGMAKING (SONDAG 20-22)*
>
> *53. **Vraag**: Wat glo jy van die Heilige Gees?*
>
> ***Antwoord**: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God (a). Ten tweede is Hy ook aan my gegee (b) sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, (c) my troos (d) en ewig by my bly (e).*
>
> *50. **Vraag**: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?*
>
> ***Antwoord**: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon, deur wie die Vader alles regeer (b).*

Hoe sal `n kind dit in der ewigheid verstaan? Iewers moet daar `n maklike begrip van die Godheid in die Skrif weggesteek wees en ons gaan nou voort om daarna te soek. Sodra ons dus in ons soeke op `n antwoord sal afkom wat eenvoudig en verstaanbaar vir `n kind sal wees, kan ons dus aanneem dat ons reg is, mits al ons redenasies Skrifgefundeerd is. Ons gebedsfokus moet duidelik gerig word na die korrekte Wese in die Drie-Eenheid en ons sal moet fokus daarop, sodat ons gebede kragtig kan word. `n Gebed wat verkeerd gerig word, dra minder krag. Omdat die meeste gelowiges hul geloof vanuit hul verstand bedryf en nie vanuit hul hart nie, sal ons ook verstandsberedeneringe moet gebruik. Iemand wie se hart kinderlik gerig is op JaHWèshua, sy Verlosser, het egter geen beredenering van die verstand nodig nie.

## Hoofstuk 2

### Die ontoeganklike Godheid skep talle Geeste buite Homself

Die Godheid, wat ons voortaan die Elohim sal noem, WAS altyd, IS en SAL ALTYD WEES. Daar is geen begin en geen einde aan Elohim nie. Van oertyd af was hy alomteenwoordig en was Hy EEN Gees.

> ***Deuteronomium 6:4** HOOR, JisraEl, JaHWeH onse Elohey, **<u>JaHWeH [is] EEN</u>**.*
>
> ***Markus 12:28** ...... Wat is die eerste Gebod van almal?*
>
> ***Markus 12:29** En JaHWèshua antwoord hom: Die eerste van al die Gebooie is: Hoor, JisraEl, **<u>JaHWeH, onse Elohey, JaHWeH [is] EEN</u>**;*
>
> *Joh 4:24 24 **<u>Die Elohim is Gees</u>**; en die wat HOM aanbid, moet in Gees en Waarheid aanbid.*
>
> ***Heb 12:29** 29 Want Onse Elohey (GOD) is 'n **<u>verterende vuur.</u>***

Hierdie Groot ontoeganklike alomteenwoordige Gees wat die eienskap van `n verterende Vuur het, kon geen wese binne hierdie toestand van Homself skep nie, aangesien Hy Self hierdie wesens in Sy ontsaglike Krag sou verteer, of andersins moes Hy nog `n God/El naas Homself skep wat net so Almagtig soos Hy is. Dit is tog `n onmoontlike gedagte, want so `n skepsel sou ook toegerus moes word met `n vrye wil, en kon sodoende die oorspronklike Godheid vernietig het.

*(Vervolg op bladsy 6)*



**Voorstelling van die verterende Vuur van Elohim waarin niks kan bestaan nie. Niemand kan Hom daarin sien en bly leef nie.**

*(Vervolg van bladsy 5)*

Daarom het Hy die Groot idee bedink om Geesteswesens buite Homself te skep, wesens wie Hy kon liefhê en koester, en wat Hom op hulle beurt weer kon liefhê. As ons sê, buite, dan is dit sekerlik nie heeltemal korrek nie, want daar bestaan niks buite Elohim nie, want Hy vul die gehele oneindigheid. Maar Hy het vanuit Sy ontoeganklike toestand die hoofeienskappe van Sy Godheid buite hierdie verterende Vuur geplaas, en wel as die **LIEFDE**, die **LIG** en die **LEWE**. Ons kan dus sê dat Hy Homself in Homself verklein of afgeskaal het, om hierdie drie wesens tot stand te bring. Eerstens is die oneindige LIEFDE buite homself gestel, want Elohim is in Sy oertoestand net Liefde.

So stel Vader dit aan een van Sy boodskappers:

> ***JaHWèshua:*** *Dit is Drie Groot Vorste wat die Wese van MY voorstel.* ***Liefde, Lewe en Lig.*** *Die eerste daarvan is Liefde, wat gelyk is aan die Bestaan of Ontstaan en die tweede is Lewe wat uit die Warmte van Liefde ontspring. Die derde hiervan is Lig, Hy staan vir MY Wysheid, wat die Lig is van die geskapenes. Verstaan dat hulle net die Uitbeelding van MY Wese is, want EK is nie 'n drieledige Godheid nie. Die Wese van MY kan kom in Wysheid of net in Liefde of in Krag, maar EK IS Éen en oneindig. Die Drie is MY Heilige en Aparte Vorste wat die Liefde, Wysheid en Krag uitbeeld.*
>
> ***(Uit Gesprekke met die engele, Hoofstuk 6 en 7, deur JaHWèshua aan Marietha Nel)***

So stel Vader dit aan `n ander boodskapper, Jakob Lorber in ***Huishouding van Elohim***, Hfs 5:

### Geheim van die Skepping

> *5 Wie ore het om te hoor, moet luister en wie oë het om te sien, moet kyk, Ek wil aan julle `n groot geheim openbaar, sodat julle kan sien hoe julle liefdevolle, gewyde Vader ook van Aangesig tot aangesig aanskou en broederlik geniet kan word. Want die kinders moet tot in ewigheid ingewy wees in die groot Huishouding van hulle Vader!*
>
> *[2] Elohim was van ewigheid af die hele oneindigheid van die oneindige deurdringende Krag; en was en is en sal die ewige oneindigheid Self wees. In die middel van Sy dieptes was Ek van ewigheid af self die Liefde en die lewe daarin; Ek was blind soos `n embrio in die liggaam van My Moeder! Elohim het Homself behaag in die Liefde en het heeltemal op Sy Liefde in beweeg. Die Liefde het al hoe warmer en warmer in Sy sentrum geword en massas en massas van Elohim het daarheen beweeg en alle magte en kragte het daarop afgestorm.*
>
> *[3] Daar het `n groot geruis, `n gebruis en `n gewoed ontstaan en die Liefde het angstig en van alle kante so bedreig gevoel, dat die Liefde tot in Haar binneste begin bewe het! En die Liefde het dit gewaar en die geruis het `n toon geword, maar die toon het in die Liefde `n Woord geword en die Woord het gesê: "Laat daar Lig wees!" En daar ontbrand in die Hart die vlam van die ontsteekte Liefde en daar was Lig in alle ruimtes van die oneindigheid!*
>
> *[4] En Elohim het in Homself die groot Glansrykheid van Sy* ***Liefde*** *gesien en die Liefde was versterk met die* ***Krag*** *van Elohim. Sodoende het Elohim Hom vir ewig met die Liefde verbind en die* ***Lig*** *het uit die warmte voortgegaan.*
>
> *[5] Die Liefde sien toe al die Glansrykheid, waarvan daar in Elohim geen einde is nie en Elohim het gesien hoe dit alles uit die Liefde in Haar oorgedra is en die Liefde het in Elohim Haar gedagtes raakgesien en het `n groot welbehae daarin gehad. Toe ontbrand die Liefde van nuuts af en die Kragte van Elohim het om Haar geruis en die gedagtes van die Liefde, was self liefde en was sonder getal.*
>
> *[6] Toe sien Elohim Sy Glansrykheid en die Liefde het Sy Mag gevoel en toe spreek die Liefde in Elohim: "Laat ons die gedagtes van die Glansrykheid vashou en dit na buite plaas, sodat hulle vry kan word en Ons kan voel en sien soos wat Ons hulle voel en sien en Ons vir hulle gevoel en gesien het, nog voor die lig hulle vorms verlig het!"*
>
> *[7] En die Woord het oorgegaan in Elohim en was orals die Liefde. Toe spreek Elohim vir die eerste keer: "Dit sal!" En daar het `n groot aantal Geeste uit Elohim vry geword, wie se getal geen einde het nie en die Liefde het Haarself oneindige kere sien vermenigvuldig en Haar oneindige skoonheid volmaak gesien.*
>
> *[8] Maar al die wesens was nog nie lewendig nie en het nog nie gevoel en nog nie gesien nie, want hulle was nog buite die Liefde, in goddelike vasgevangde vorms.*
>
> *[9] En die Liefde was jammer en Sy roer Haar en die geroer styg op in Elohim en Elohim het Sy gevangenes vir die Liefde gegee en die Liefde het alles deurdring. Toe word die vorms lewendig en was verbaas teenoor mekaar en het warmte by die strome van vlamme van die goddelike Liefde gesoek en het daardeur selfstandige beweeglikheid en bedrywigheid gekry! Maar hulle het hulleself nog nie herken nie.*
>
> *[10] Toe spreek die Liefde weereens: "Laat Ons dat hulle hulleself kan herken, sodat hulle dan vir My en deur My ook vir U mag herken!"*
>
> *[11] Toe styg die Woord weer in Elohim op, wat die Woord gehoor het en die Woord het Wet geword en die Wet was die Liefde en het in almal oorgestroom.*
>
> *[12] Daar word toe* ***drie*** *gevorm en vanuit hulle het* ***sewe*** *voortgegaan! En die drie, was die* ***Liefde***, *die* ***Lig*** *en* ***Elohim (Krag)***; *die sewe was die sewe Geeste van Elohim en hulle heet en sal vir ewig heet :...*
>
> ***(Uit "Huishouding van Elohim" deur Jakob Lorber)***

So het Elohim dan hierdie drie groot oergedagtes buite Homself geplaas en die hele geestelike Skepping het hieruit ontstaan. Wat anders kon Elohim uit Homself skep as Homself? Hy het Homself dus buite Homself geplaas as drie Vorste, naamlik Liefde, Lig en Krag. Dink maar aan jouself as mens wat na die beeld van hierdie Elohim geskape is. Ons is almal drie in een naamlik, liggaam, siel en gees, maar tog is ons slegs een wese.

U moet besef dat dit werklik moeilik vir ons as driedimensionele wesens is om `n multi-dimensionele Elohim te probeer skets en verstaan - en dit nog op `n plat stuk papier. Ek het my bes gedoen en dit vir u probeer weergee op die volgende bladsy. Sien egter in dat Elohim telkens sy Krag en Heerlikheid (Glansrykheid) moes afskaal, sodat geskapenes nog in Hom kon bestaan. Hierdie geskape Geeste is oneindige lank gelede geskape en die val van die Geeste (Lucifer) het lank na hierdie skepping plaasgevind. Die materiële skepping was `n baie latere skepping wat noodsaaklik geword het as gevolg van die val van Lucifer. Dit was `n verdere en noodsaaklike afskaling van die Krag en Heerlikheid van Elohim, sodat die gevallenes weer in die materie kon leef en sodoende hul pad kon terugvind na die Geestesryk toe.

## Hoofstuk 3


### Die val van Lucifer

Uit hierdie drie gedagtes het die sewe engelvorste oftewel sewe Geeste ontstaan wat in sigself ook al hierdie eienskappe bevat het, maar elke Gees sou baie sterk wees in een spesifieke eienskap van die Elohim met ses ander eienskappe wat die sterk eienskap moes ondersteun. Vader verduidelik die val van die Lig aan Marietha Nel in 2009;

> ***JaHWèshua:*** *EK gaan jou eers vertel van die Drie; Aan die begin was daar Drie en die Sewe het uit hul voortgekom, maar die Éen, gelyk aan die Lig van God, wat EK IS, het geval. Sy naam noem julle* ***Lucifer of Ligdraer****. Maar EK het dadelik `n Vors geroep om die plek te vul van die gevallenes, jy vra nou hoekom EK dadelik `n ander Vors in sy plek gestel het? Dit is om ewig uit te beeld dat MY eienskappe sal bestaan. En die Vors wat EK geroep het om in Lucifer se plek te staan, is ook die gelykenis van die Lig. Die één wat dit waardig is, kry die plek by MY, of het jy gedink dat die plek leeg moet bly? As EK die plek sou oop los, dan is daar net twee om MY Wese uit te beeld, dit wil sê, Liefde en Lewe, maar niks kan ontstaan sonder Lig nie, en dus herstel EK die simboliek.*
>
> ***(Uit Gesprekke met die engele, Hoofstuk 6 en 7, deur JaHWèshua aan Marietha)***

*(Vervolg op bladsy 7)*

## Diagram 1 - Die Skepping van die Drie en die Sewe




Die Ewige ontoeganklike Godheid/Elohim wat gebaai is in ontsaglike verblindende Lig waarin GEEN Engelgees kon bestaan nie

Elohim laat Sy gedagtes in die Liefde vorm na buite aanneem en dit word die Drie Groot Vorste en daaruit ook die sewe.

Die drie groot Vorste

Die sewe groot Geeste wat ook die sewe kleure van die reënboog voorstel. (Openb 4)

***Na oneindige tye rebelleer die LIG (Lucifer), val in die dieptes en die pos word tydelik gevul totdat JaHWèshua opgestaan het uit die dode en gaan sit het as die Nuwe Lig).***

*(Vervolg van bladsy 6)*

Hierdie uiters kragtige ligwese het Homself as Elohim begin beskou en dit ook so aan sy skepsele in sy ryk verkondig. Soos **Jesaja 14** sê:

> ***Jesaja 14:12*** *Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!*
>
> ***13*** *En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel,* ***my troon verhef bo die sterre van God*** *en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.*
>
> ***14*** *Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke,* ***my gelykstel met die Allerhoogste!***

Hierdie verheffing of hoogmoed van Lucifer was vernietigend vir sy hele skeppingsryk. Saam met hom het nog een derde van die engele gerebelleer. Die volgende lot het hulle getref:

> ***Jesaja 14:15*** *Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!*

Hierdie geeste is toe in die doderyk gewerp, hulle is naamlik in die materie gekluister waar ons ook vandag is. Ons leef op `n materiële planeet, waarop alle lewende dinge uiteindelik sal vergaan. Ons leef in materiële liggame wat ook eendag tot niet sal gaan. Hierdie was die ongelooflike wyse plan wat Vader in Sy Voorsienigheid daargestel het, toe Hy die Geeste hul vrye Wil gegee het. Noem dit maar `n "backup" plan as jy wil. Natuurlik moes hy die sondaars (rebelle) en die wat die sonde gesien het (nie-rebelle) wegwerp van Sy aangesig, anders sou die hele geestelike skepping gekontamineer geword het met Lucifer en sy rebelle se dade van hoogmoed en eieliefde. (Let asseblief daarop dat ons nie hier van die doderyk in die aarde praat waar siele nou gekluister word wat nie hul toets op aarde geslaag het nie, maar wel van die hele geestelike skepping van Lucifer se val wat miljarde eons en eons voor die aarde geskep is, plaasgevind het.) *(1 eon is 10 met 60 nulle jare)*

Materie is tog lewende molekules wat bestaan uit atome, elektrone en neutrone. Hulle vibreer teen hoë frekwensie en is maar net Goddelike Gees wat deur die wil van Elohim vasgehou word. Dit is dan ook die gevangenskap waarin Lucifer na sy rebellie beland het en waarin ons as vleesmense nog steeds verkeer. Hierdie materiële vibrasie frekwensie is baie, baie laer as die ligfrekwensie van die geestelike ryke wat nie geval het nie. So het daar dus skeiding gekom tussen boosheid en valsheid aan die een kant en goedheid en waarheid aan die ander kant. Dit is vanuit hierdie gevangenskap waaruit ons as menseras moet losbreek, maar weereens het Vader `n plan gereed gehad om die mensdom hieruit te verlos. Die plan het ingesluit die formering van `n ras op aarde wat bestaan het uit **materie** (liggaam), **siel** (gevalle geeswese) en **gees** (wat `n druppel van die Goddelike Oergees Self is).

Die geskiedenis van hierdie adamitiese ras word vir ons weergegee in die Skrif en ek glo elkeen ken die verhaal. Dat Adam gefaal het om die godgeskape nuwe ras uit die gevangenskap te haal, lees ons duidelik in **Genesis 1 en 2**. Ook Moses kry dit nie reg met die Levitiese orde nie en uiteindelik moes daar `n Verlosser gebore word om hierdie ras uit te lei na die geestesryk waar die ander nie-gevallenes nog steeds salig voortgelewe het met Elohim.

Wat anders kon die ewige LIEFDE doen as om **Homself weer uit Homself te verwek**, maar in `n materiële vorm wat kon bestaan in die materie, sonder om die materie te verwoes met Sy Krag en Heerlikheid.


Hierdie gevallenes kon nie Elohim in sy heerlikheid as Liefde, Lig en Lewe aanskou nie, want hulle is uitgeskop en vasgevang in materie! Daarom het Elohim Homself dus terselfdertyd as Seun van Elohim en Seun van Adam (mens) verwek. **In** hierdie Seun sou die geestelike en die vleeslike verenig word, want aan die ontoeganklike Elohim, wat Geregtigheid op sigself is, moes `n versoeningsoffer gebring word. Elohim, as Ewige Liefde, (sien voorafgaande **Diagram 1**) moes Homself dus in hierdie gevalle ryk bekendmaak as mens, Sy vleeslike liggaam verheerlik en die Goddelike geestelike en die gevalle vleeslike verenig. Nou vir die eerste keer is Elohim ook `n sigbare El/God in die vlees in hierdie gevalle ryk van Lucifer. Dit word weergegee in **Johannes 1: 1-14:**

> ***Johannes 1:1*** *IN die begin was die* ***Woord****, en die Woord was by die Elohim, en die Woord was Elohim. [Génesis_1:1] [2_Ezra_6:38]*
>
> ***2*** *Hy was in die begin by die Elohim.*
>
> ***3*** *Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.*
>
> ***4*** *In Hom was* ***Lewe****, en die lewe was die* ***Lig*** *van die adam.*
>
> ***5*** *En die Lig skyn in die Duisternis, en die Duisternis het Hom nie oorweldig nie.*
>
> ***10*** *Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie.*
>
> ***11*** *Hy het na Sy Eiendom gekom, en Sy*

*(Vervolg op bladsy 8)*

## Diagram 2

## Elohim verwek Homself in die Materie




**Die ontoeganklike Elohim as die Ewige Geregtigheid verwek**

**Homself uit Homself as 3 Vorste plus 7 Vorste. Hy, as die Ewige Liefde, verwek op Sy beurt**

**Homself uit Homself as Die Woord en plaas Homself in die materiële wêreld as JaHWèshua, die Seun van Elohim en Seun van die mens/ adam, waar die Volheid van die Elohim Vader in Sy hart woon.**

*(Vervolg van bladsy 7)*

*Eiendom het Hom nie aangeneem nie.*

***12*** *Maar soveel van die wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van Elohim te word, aan hulle wat in Sy Naam glo;*

***13*** *wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit Elohim gebore is.*

***14*** *En die **Woord het Vlees geword** en het onder ons vertoef - en ons het Sy Glansrykheid aanskou, 'n Glansrykheid soos van die Eniggeborene wat van die VADER kom - vol van Barmhartigheid en Waarheid.*

Gedurende 2009 het JaHshua die volgende aan ons gegee, naamlik dat ons korrek is as ons sê dat die Transvaalse Heraldiek deur Hom ingegee is, maar dat daar sekere veranderings aangebring moet word om die Wapenskild binne Sy orde te kry vir die eindstryd.

Eerstens moes die leeu wat binne die laer was, uitgaan na buite en bo-op die wapenskild geplaas word. Die Leeu is Hy Self, as die Leeu van Judah. Dan moet die leuse onderaan verander word van *"Eendragt maakt Magt*" na "***Eendrag in JaHshua maak Mag***".


Die laer word deur 52 waens voorgestel, wat verwys na **Nehemia 6:15** waar die Judah volk die muur van Jerusalem in 52 dae herstel het. Dit stel die 52 dae (simboliese tydperk) in die volk voor om die volle muur van die Gees, die geestelike laer in onsself te bou.

Dan is daar `n visarend links bo, wat gegrond is op **Matthéüs 4:19** waar Hy ons vissers van mense sal maak.

Regs is daar in die plek van Ruben `n afbeelding van `n Boer, Oom Siener van Rensburg, die man van JaHWeH wat die reinheid van die Nuwe Volk voorstel. Onder is die volledige ossewa te sien wat ons Boerevolk se geloof voorstel.

Verder is daar slegs vier Vierkleur vlae in plaas van die ou ses, want die getal vier wys na die vier windrigtings van die aarde, die kampeer ordening van ou Israel en ook na die vier windrigtings in jou hart (vier hartkamers). So ook die Leeu met sy vier tone.

Die kruis in die middel stel die vloekhout voor waardeur ons binne die Verbond kan kom, deur ons eie kruis op te neem en JaHshua te volg. Dit is ook die Suiderkruis wat aantoon waarheen Hy kom aan die eindtyd. (**Henog 70:1**)





## Nuwe seën van JaHshua

*(deur JaHshua gegee om innerlik gelees te word saam met die Nuwe Wapenskild)*

**Wees geseënd in die aarde deur My bloed gekoop.**
**Wees geseënd terwyl die Leeu aan julle sy loop.**
**Wees geseënd as in ootmoed die wiel draai**
**En die arend se gesang uitrys bo die kraai.**
**Edel is die volk, deur My Hand uitverkies,**
**Edel is die hart wat Liefde verkies.**
**Edel is die Man wat hart aan hande bind**
**En die kind wat opgroei, net deur My Bloed verbind.**
**Ek, die Begin en Einde hiervan spreek:**
**Geseënd is die siel waarin My Brood nou breek.**

# Die Liefde van die Huwelik

Vertaal deur Callie Herbst en versorg deur Madelène Steyn

Die meeste van ons ondervind die een of ander tyd huweliksprobleme. Almal ken die skawingsproses van die eerste paar jaar wat maar rof kan gaan of dalk die middeljare se dramas of ons aanpassingjare met die veroudering van die liggaam. Soms dink ons dat ons nie langer saam met die betrokke maat kan leef nie en eindig die eens warme verliefdheid in die koue skeihof! Maar hoekom? Hoekom sukkel ons dan so om gelukkig te wees? Is daar nie iewers `n handleiding oor hoe die huwelik gevoer moet word nie? Die huwelik is tog aangegaan omdat beide partye mekaar liefhet. As beide partye dan opreg in hul liefde is, dan kan daar mos nie probleme wees wat nie oorkom kan word nie? Miskien moet ons `n bietjie na ons binneste keer en selfondersoek doen. Is ek lief vir my maat of het die verbode vrugte van wellus vir een van ons aantreklik begin word? Het daar ander partye betrokke geraak? So kan die lysie aangaan, maar watter raad gee die Meester Self aan Sy kinders? As Hy dan ons Skepper is en alles volmaak geskep het, moet die huwelik tussen my en my maat tog volmaaktheid bereik? Moet ons dan tog volkome een kan wees? In Swedenborg se werke is daar melding gemaak van die egtelike huwelik en wil ek dit tog met almal deel, want as ons hierdie insigte deel van ons lewens maak, kan daar nooit weer `n egskeiding wees nie! Hier volg dan hoe die huwelik gevoer moet word en die doel daarvan. Neem dit ter harte en sien hoe die Geestelike in albei partye nou moet blom en vrug dra. Met al my liefde en Vader se grootste seën.


**Madelene**

# De Conjugio – Egtelike Liefde

Uit die Arcana Coelestia – Geheime van die Hemele

Deur Emanuel Swedenborg

1688-1772



## Deel 1

Die verteenwoordiging van saamgevoegde Liefde deur die mees lieflikste dinge wat kan bestaan (die wedersydse Liefde van die egpaar teenoor mekaar in die geestelike wêreld)

(*Hierdie gedeelte is `n uittreksel uit `n boek en die leser moet kennis neem dat hierdie inligting deur Swedenborg verkry is vanuit die geestelike sfeer. Hy is daarin toegelaat, net soos Henog van ouds en hy beskryf sy waarnemings in die hemelse en helse sfere vir ons. Baie dinge mag vreemd klink, maar die lewe aan die anderkant is `n werklike lewe vir die wat in die Goeie (Liefde) en die Waarheid is, maar `n skynlewe vir die wat in boosheid en valsheid is.*)

1 **Liefde wat werklik saamgevoeg is,** word in die hemel verteenwoordig deur verskillende dinge. Dit word verteenwoordig deur klipsteenharde auras en skitter asof dit van robyne en karbonkel (negeoog) gemaak is; ook deur die lieflikste reënboë en goue reën wat, as dit aanskou word, dit die omstanders met so `n genoeglikheid en soveel behaaglikheid vervul, dat dit die mees innerlike van die denke affekteer. Ek het die engele hoor sê, dat wanneer saamgevoegde Liefde so aangebied word in die hemel, hulle so gevul was met genot, dat hulle dit nie anders kon uitdruk as dat dit genot op sigself was nie, waaruit, soos uit hul oorsprong, al die ander genietinge vandaan kom en hierdie genot is gesê is `n suiwer genot van die denke sonder enige opwekking van wellus, want so is saamgevoegde Liefde in sy oorsprong.



2. **Siende dat Liefde waarlikwaar saamgevoeg** en in sy oorsprong `n genot in die denke is en dat Liefde die fundamentele van al die liefdes is en uit Liefde al die skoonheid van die engele in die hemel is, want Liefde of die emosie van Liefde vorm elkeen en almal in die hemele en dit is hoekom elke engel se gesig `n beeltenis is van sy Liefde of emosie, daarom is dit dat al die skoonheid van die engele in die hemel van hul saamgevoegde Liefde is, want die innerlike van hul Liefde wat deurskyn, kom daarvandaan. Ek het `n Engel gesien wat in suiwer saamgevoegde Liefde was (hy was van die derde hemel); en sy skoonheid was sodanig dat die omstanders weggevoer was met bewondering en gesê het dat dit skoonheid op sigself is wat teenwoordig is.

3. **Dat Liefde wat in Waarheid saamgevoeg is**, so pragtig is en so `n genot, dit is van die eerste oorsprong, wat die vereniging van die Goddelike Liefde van die Meester met Sy Goddelike Wysheid is, en dan is dit die huwelik van die Meester met die hemel en met Sy kerk* en daarvandaan met elkeen `n huwelik met die Goeie en die Waarheid. Betreffende die oorsprong van Liefde wat waarlikwaar saamgevoeg is, dit sal ter plaatse bespreek word. *(*kerk: hier moet verstaan word die innerlike kerk in die hart en gladnie `n uiterlike kerk nie)*

4. **In Liefde wat werklik saamgevoeg is**, is daar hoegenaamd niks wellustig nie. Hulle wat nie weet wat Liefde wat werklik saamgevoeg is, is nie en wat nie daarin is nie, mag dink dat dit nie gegee word sonder wellustigheid nie, maar tog is die verskil soos wat dit is tussen die hemel en die hel, want beide se genot kom te voorskyn in die uiterlike, maar elke uiterlike ontleen sy kwaliteit en sy essensiële natuur vanaf die innerlike. Die innerlike van die saamgevoegde Liefde is van die Meester en daarom van die hemel

*(Vervolg op bladsy 22)*

(Vervolg van bladsy 21)

en van alles gunstig en gelukkig daar; maar die innerlike van wellustigheid of van owerspel, ontug en egbreek is van die duiwel, dus vanaf die hel en van alles ongunstig en ongelukkig. Elke uiterlike ontleen sy wese vanaf die innerlike, daarom is geeneen van die eksterne van die saamgevoegde Liefde en die uiterlike van die owerspel dieselfde nie. Die uiterlike van saamgevoegde Liefde is gevul met die heerlikhede van die hemel en die genietinge van die hemel wat in daardie Liefde is, jaag al die genietinge van die hel uit, daarom is hierdie twee tipes genietinge in die eksterne, omrede hulle internes totaal verskillend en onvergelykbaar is. Die engele kan duidelik waarneem uit die sfeer van die Liefde van twee metgeselle of daar wellustigheid teenwoordig is en die kwaliteit en kwantiteit daarvan en verwyder hulleself van hulle. Die rede waarom die engele hulleself so ver verwyder, is dat wellustigheid of owerspel, ontug en egbreek, kommunikeer met die hel, maar die kuisheid of reinheid van die huwelik, met die hemel.

5. **Liefde wat waarlikwaar saamgevoeg is**, is die kuisheid of reinheid self. Selibaatskap (of ook die ongehude staat) word nie in die hemele kuisheid of reinheid genoem nie, ook word `n meisie nie kuis genoem nie, ook nie `n ongetroude vrou, of `n maagd nie, maar `n vrou wat haar wegdraai van owerspel word kuis en rein genoem; so ook die man wat hom wegdraai daarvan, omdat Liefde wat waarlikwaar saamgevoeg is, in die hemele kuisheid en reinheid genoem word

6. **Saamgevoegde Liefde is die onskuld op sigself**. Twee geselle wat in saamgevoegde Liefde is, verskyn in die hemel soos die onskuld self.

7. **Saamgevoegde Liefde is Liefde tot die Meester**. Almal wat waarlikwaar in Liefde is wat saamgevoeg is, is waarlik in Liefde tot die Meester, omdat dit afkomstig is vanaf die huwelik van die Meester met Sy kerk, daarom is dit dat hulle wat in die derde hemel is, wat almal in die Liefde van die Meester is, waarlikwaar in saamgevoegde Liefde is. Saamgevoegde Liefde kan slegs deur die Meester gegee word.

8. **Twee geselle in die hemel maak een engel**. Daar is tussen twee geselle in die hemel `n soortgelyke verbinding as wat daar in elke mens is tussen die wil en sy intelligensie, of tussen die Goeie wat van die wil is en die Waarheid wat van die intelligensie is, omdat die vroulike van nature die emosie is, wat van die wil is en die manlike is van nature van die denke, wat die intelligensie is. Meer hieroor kan gesien word in die boek "Hemel en Hel."

9. **Hulle wat wellus, soos in owerspel en egbreek, as `n einddoel het.** Daar het aan my verskyn asof in `n kombuis, waarin daar `n donker vuurmaakplek was, sonder `n vuur in die herd, vroue met messe in hulle hande waarmee hulle, as te ware begeer om babas en kinders mee te slag; hulle was handig, slu, listig, geslepe en boosaardig, almal hoere en in die geheim lok hulle die mans na hulleself vanuit elke kwartier. Hulle wat deur die engele geïnspekteer word, lyk soos opgerolde derms waarvan een vuil en bloederig was en die ander smerig gelerig en so was hulle wellus verteenwoordig toe hulle deur die engele geïnspekteer was. Almal was vroue wat `n huwelikstaat soek, suiwer vir die saak van owerspel en ontug met ander, omdat hulle geen skandale vrees op grond van buite-egtelike kinders nie, wat hulle toeskryf aan die man. Hulle lot is baie grusaam en wreed; alle dinge daar is besmet en vuil, hulle woon in grotte en op grond van hul aakligheid en misvormdheid vrees hulle om gesien te word, ook kan hulle nie meer verder enige manlike owerspeler aanlok nie, as gevolg van hulle mismaaktheid en hulle het boonop `n vieslike reuk; die mans wat ook owerspel as `n eindoel sien van die huwelik en wat agterna lewe met die vroulike owerspeliges, ontwikkel so `n walging vir `n vrou, dat hulle wegvlug. Hulle word met verloop van tyd onmagtig (impotensie) en daarmee vergaan die lewe van die denke en spraak in die gemeenskap (society) van vroue en veral in die gemeenskap van hul eie vroue.

10. **Muise.** Wellustige vroue en ook ongetroude vrouens, wat niks vuils in die hoeredom sien nie, bly in twee tipes plekke, sommiges in die westelike streek in die voorkant en sommiges daar agter. Almal wat daar is, weet hoe om hulleself in te dring met die mans deur geveinsde emosies, waardeur hulle die wellustige liefde van een of ander manlike kan bekom en gee nie om of dit Goeie of bose emosies is nie. Hulle wat aan die voorkant bly, was slu en geslepe en van so `n gees, dat hulle kan waarneem van watter natuur of gesteldheid, neiging en gierigheid die mans is wat hulle begeer om te verlei, veral om die mans te verlos van hul rykdom en dat hulle ook intussen in luuksheid kan lewe. Hulle bly daar in grotte waarin alle dinge stinkend is en die plekke waar hulle bly, ruik soos die plekke waarin muise is; hulle verskyn selfs aan die engele soos groot muise. Ek het sekeres van hulle gehoor praat, wat in hulle grotte was, wat sê dat dit die reuk was soos die van muise en dat hulle plekke stinkend, vuil en besmet was; maar hulle weet hoe om hulleself deur fantasieë aantreklik te maak en ook om hulle plekke te versier met verskeie artikels, maar slegs vir `n paar oomblikke; want sodra die fantasieë ophou, hou die voorkoms ook op en alles is weer van vooraf vuil en stinkend. Dit word gesê dat hulle `n behae het in daardie stinkende vuil dinge, hoe meer dit so is, hoe meer innerlik is hulle daarin. Dat hulle so is, is uit hulle ooreenkoms met so `n lewe. Hulle was dikwels deur my gesien, somtyds in hulle fantasieë wanneer hulle skoonheid aanneem en asemrowend verskyn in rokke en bekoorlik van aanskyn, maar sodra die fantasie se denke van hulle verwyder word, wat deur `n Goeie gees of deur `n engel gedoen word, verskyn hulle weer misvormd net soos die duiwels, sommiges swart, sommiges afskuwelik vlammend, sommiges soos ontbindende lyke en ook was hulle dikwels deur my gesien as groot muise met lang sterte. Hulle wêreldse begeertes lyk dus so. Wat verstommend is, is dat daar sommige geeste van beide geslagte is wat in voorkoms van hulle begeertes net soos katte lyk en daardie muise vrees hulle net soos muise op aarde die katte vrees, hulle kom voor soos katte, omdat hulle niks omgee vir geestelike en godsdienstige dinge nie, behalwe dat hulle dit hoor, maar behou niks daarvan nie. Ek sien in daardie grotte is daar edel vrouens, ja, van sulke mans wat van die eerste edeles was, maar almal is gedwing tot arbeid, maar nie een van hulle mag na buite gaan nie, ook is dit nie toelaatbaar om hulle uit te laat nie, omdat hulle meer slu is as die res van die geeste en gaan die emosies van die mens in die geheim binne en trek hulle gedagtes weg en hierin is hulle meer geslepe as die res en so word hulle dus opgesluit, sodat niemand `n vinger oplig om hulle uit te laat nie.

11. **Hulle wat na ondertoe in die westelike streek bly,** is egter dieselfde, maar groter in getal. Hulle is ongetroude vroulike wesens wat hulleself uitgegee het aan die hoeredom en hulle hele lewe in hoeredom laat verbygaan het en daar is `n soortgelyke reuk van muise, maar nie so sterk nie en hulle lyk ook soos muise, maar kleiner. Die grotte waarin hulle is, is kronkelend en ondergronds, een grot bokant die ander en in `n groot hoeveelheid.

12. **Ek het onder die groter muise gesien**, dat wanneer `n prediker na hulle toe kom, hou hulle deur hul fantasieë `n boek van die Psalms in hulle hande vas en trek die antwoord uit sommiges wat eenkant sit asof uit hulself, deur hul sluheid en geveinsde vroomheid, terwyl hulle egter geen vroomheid het nie; so mislei hulle die predikers, maar hulle doen dit by die hekke; want wanneer hulle in hul grotte is, antwoord hulle niks nie, omdat hulle nie na diegene kan kyk van wie hulle die antwoorde kan trek nie.

13. **Verskeie dinge betreffende die huwelik en owerspel**

(1). Die hemel is `n huwelik en owerspel is die hel.

14. (2). **Die huwelik stam af van die huwelik van die Goeie en die Waarheid** en owerspel van die huwelik van die boosheid en valsheid.

15. (3). **Dit is waarom daar `n priesterlike owerspel** gegee word wat in die eksterne voorkoms dieselfde is.

16. (4). **In die hemel verafsku hulle owerspeligheid** en daarom is die hemel gesluit vir owerspeliges; en die hel is wyd geopen vir die kwaliteit en kwantiteit van owerspel.

17. (5). **`n Mens, deur saamgevoegde liefde**, ontvang die vorm van Liefde in die denke en

(Vervolg op bladsy 23)

*(Vervolg van bladsy 22)*

daarvandaan in die liggaam, dus die vorm vanuit die hemel. En `n mens, deur owerspel, ontvang die vorm van owerspel dus uit die hel.

19. (6). **Saamgevoegde Liefde is die fundamentele Liefde** van alle hemelse liefdes en is die beeltenis van die hemel, dus vanaf die Meester.

20. (7). **Hemelse genot is gefundeer op saamgevoegde liefde.**

21. (8). **Gevolglik is die hemelse genietinge wat die engele het** uitsluitlik daaraan te danke, en is ontelbaar en nie eers een van hierdie ontelbare genietinge is aan die wêreld bekend nie, omdat owerspel huidiglik regeer, selfs uit die valshede van doktrine, maar was ook ten dele bekend aan die antieke volkere.

22. **Engele-Wysheid groei deur huwelike** en dit is in die plek van verwekking vir hulle, omrede dit `n verwekking van Wysheid is, daarom dui dogters, seuns, vaders en moeders in die Woord op sulke dinge as van die Goeie en die Waarheid, dus wat van die Wysheid is en kan so bygebring word deur die Woord.

23. (10). **Uit owerspel groei alle onkunde en onnoselheid** in geestelike dinge, omdat dit `n huwelik is van valshede en die bose. Die vervalsing en owerspelerigheid van die Waarheid en die Goeie van die Woord word aangedui deur hoerery in die Woord en kan deur die Woord bewys word.

24. (11). **Om die metgesel lief te hê, is om goed te doen voor die Meester,** omdat dit kuisheid self is; en die kerk (die gemeente van JaHWeH)* self word genoem maagd en dogter, soos die dogter en maagd van Sion en Jerusalem.

25. (12). **Saamgevoegde Liefde het kommunikasie met die hemel** en die organe en genetalia het ooreenkoms met die derde hemel, veral die baarmoeder, wat korrespondeer.

26. **Selfs geslagsgemeenskap uit saamgevoegde Liefde kommunikeer.**

27. (13). **Die Liefde ontstaan slegs vanuit die Meester** se invloei deur die derde hemel.

28. (13a) **Die derde hemel is die saamgevoegde van die hemel**; dus is die huwelik daar die mees heilige in die hemel en owerspel goddeloos en heidens.

29. (14) Oordink wat owerspel is.

30. (15). **Saamgevoegde Liefde verhoog die** potensie en uitwerking tot in die ewigheid, in soverre dat dit Liefde is tot alle kragte en uitwerking, en daarvandaan is die Liefde van hulle siele. Maar met owerspeliges verminder die Liefde na geen krag en uitwerking, sodat dit selfs onvrugbaar en impotent en stereotiep raak en arm in enige liefde.

31. (16). **Niemand kan in saamgevoegde Liefde wees** tensy hy geestelik in stryd is teen die boosheid en hulle valshede nie en tensy hy die Meester en Sy Goddelikheid erken.

32. (17). **Die man en vrou word verenig** met betrekking tot die denke as een vlees. "Dit is my been en my vlees," het Adam gesê.

33. (18). **Saamgevoegde Liefde verenig gedurigdeur**, dat hulle één mens is.

34. (19). **Saamgevoegde Liefde hang van die Liefde van die vrou** af en so is die Liefde van die man oor-en-weer in wisselwerking en die Liefde van die vrou hang nie af van die Liefde van die man nie; die rede is, net soos die wil die intelligensie aandrywe, so dryf die Goeie die Waarheid aan, daarom word gesê dat die man die vrou behoort aan te kleef, maar die geval met hulle wat nie in saamgevoegde Liefde is nie, is die teenoorgestelde.

35. (20). **Die vrou wil om te dink en wil soos die man** en die man soos die vrou en omdat elkeen dit wil, word hulle gelei deur die Meester as één en die twee is één engel, want wanneer die wil en die intelligensie nie jou eie is nie, maar die ander s'n en dit wedersyds en in wisselwerking kan dit nie anders as om deur die Meester gelei te word as één nie.

36. (21). **Oorgeërfde booshede** word deur owerspel voortdurend meer skadelik en boosaardig, en word later as toelaatbare owerspel beskou.

37. (22). Die vieslikste owerspel vloei daaruit voort, die feit dat die saad van die man, ten opsigte van die geestelike en ook ten opsigte van die innerlike natuurlike, hom voeg by die liggaam van die vrou, want die man se lewe is daarin. Wat anders kan dit dan wees as vieslikheid en innerlike verrotting wanneer die lewe van verskeie mans terselfdertyd daar ingevoeg word.

38. (23). `n Voorbeeld is dat `n man so `n mislikheid en walging teenoor sy vrou verkry, dat hy nie in staat is om na haar te kyk nie, ... *(res onduidelik, maar het die strekking dat so `n man reeds die hemelse liefde deelagtig was)*

39. (34). **Saamgevoegde Liefde is so `n liefde**, so `n genot en so `n Wysheid vir hulle, dat die hemel daarin is, dat dit vir die mans bevestig word deur die engele van die hemel deur `n lewende stem. Agterna het hulle in die hel gekyk en gesê dat daar net vuilheid is en verskyn veral die owerspelers en owerspeelsters soos varke en sôe. En hulle wat soos varke en sôe is, het `n genot in drek en hulle sê dat een so `n genot daarin gehad het, dat hy begeer het om daarvan te eet. Dit kom ooreen met die Profeet wat beveel was om vir homself koekies te maak uit drek.

40. (25). **By saamgevoegde Liefde is die innerlike geopen**, omdat die invloei daarin van die Meester is deur die derde hemel, daaruit word die mens ontvanklik vir al die hemelse liefdes en eweeens van al die waarhede.

41. (26**). Binne-in egtelike Liefde is die mees innerlike van die gewete.**

42. **Egtelike Liefde by die Engele**. Ek het met engele aangaande die egtelike Liefde gespreek en hulle sê dat dit die innerlike van alle liefdes is en dat dit so is dat die een metgesel sien die ander metgesel in sy siel en in sy denke, sodat sy geestelike beeltenis daar is; en dus het die metgesel die ander metgesel asof sy in homself is en dit is saamlewe in die geestelike sin. Dit was ook verteenwoordig deur engele idees wat nie uitgedruk kan word nie. Daarom is hulle verbinding heerlik.

43. **Aan Een Man slegs Een Vrou**. In die Christenwêreld waar innerlike dinge van die kerk openbaar word en waar die Meester aanbid word en dat dit bekend is dat die hemel en die kerk uit en van Hom is en die kerk verbind is met Hom, soos `n vrou met haar man en dat daar maar één kerk is en dat met hulle wat in die kerk is, daar `n verbinding sal wees van die Goeie en die Waarheid, by hulle is dit nie toegelaat om meer as een vrou te neem nie, want dit sal wees om die geestelike te verderwe wat in die huwelik is of kan wees. Daarom, as `n Christelike man verskeie vroue neem, sal dit wees asof hy in homself twee kerke opneem, ook asof die Waarheid sy wese neem uit twee Goeies, wat nie aan die huwelik gegee is nie, want die Goeie is die wese van die Waarheid en die wese van een Waarheid van twee Goeies is ook nie gegee nie. Daarom is dit dat ware saamgevoegde Liefde onder geen omstandighede gegee kan word in die geval waar `n man verskeie vroue neem nie, want nou is dit wellustigheid wat binnekom. Buitendien kan Liefde nie verdeel word nie, siende dat dit van die emosie van één wil is, wat ooreenstem met die denke van die ander, wat van die intelligensie is en hierdie eensgesindheid en saamlewe, wat die wese van saamgevoegde Liefde is, kan nie gegee word in die geval van verskeie vroue nie. Kortliks, met so `n geval is daar nie `n Christelike kerk nie; daarom, as `n engel in die hemel slegs net dink aan verskeie vroue, dan vergaan die hemelse en die engel in hom, asook die genot en Wysheid saam met hom en hy val uit die hemel.

44. Daar was van die Christene gesien wat hulleself bevestig het in veelwywery, hulle was etlike duisende in een gemeenskap, want hulle wat van dieselfde liefde is, vorm `n gemeenskap en saamgevoegde Liefde is die fundamentele van almal en toe die Laaste Oordeel plaasvind, het dit gelyk asof daardie streek ingesluk word deur die hel en agterna was

*(Vervolg op bladsy 24)*

(Vervolg van bladsy 23)

dit gesê dat hulle niks weet van hulle ledetal van hulle generasie nie, so asof hulle sonder hulle was, hulle het hulself hierin bevestig vanaf die Judaïsme tydperk van die Ou Testament, omdat dit toe wettig was om verskeie vrouens te neem, maar dit is ook wettig in Mohammedanisme oraloor. Dit was vir die Jode toegelaat omdat die meeste Jode uiterlike mense was en innerlik afgodsdienaars, waarin die innerlike van die kerk nie was nie, ook was dit nie geopen nie, daarom het hulle nie die Meester herken nie. Hoe dit met die Mohammedane gestel is, sal hierna vertel word.

45. **Kortliks, verskeie vroue en een man kan nie een vlees word nie**, dit is, een denke, wat bestaan uit die wil en die intelligensie. `n huwelik, sover as wat dit in verband staan met die denke in sy bestaan, en verteenwoordig `n huwelik; want alle dinge in die heelal het verband met die huwelik van die Goeie en die Waarheid, dus met die huwelik, sodat die huwelik iets kan wees en iets kan produseer. Die huwelik self in sy ware vorm en sy ware wese, word voorgestel in `n man met sy metgesel; net soos in `n engel.

46. **`n Meerderheid van vrouens onder die Mohammedane**. Ek het met die Mohammedane oor die geestelike huwelik gepraat, dat dit die huwelik is van die Goeie en die Waarheid en dat die Goeie lief is vir die Waarheid, soos twee metgeselle en dat hulle begeer om saamgevoeg te word en om daaruit die Goeie en die Waarheid te produseer, soos dogters en seuns en om as't ware `n nageslag voort te bring. Dit het hulle goed verstaan en ook dat huweliksliefde afstam van daardie geestelike oorsprong en dat alle geestelike in die mens `n verandering ondergaan, sodat dit skaars herkenbaar is wanneer dit afdaal na die natuurlike lewe, maar dat dit slegs deur ooreenkomste bekend is. Dit lyk verder asof hulle wat verskeie vrouens het, dit vanweë hulle godsdiensoortuiginge gedoen het. Dit kan nie ware huweliksliefde wees nie en dit word verder beweer dat `n verskeidenheid van vroue aan hulle toegestaan was, of veelwywery was toegestaan, omdat hulle wat in warm lande is, meer brand van wellus as hulle wat in kouer lande woon. Daarom, as veelwywery nie aan hulle toegestaan was nie, hulle meer as die Europeërs in owerspel sou verval, en sou dus teen hulle geloofsoortuiging handel. Om teenstrydig daarmee te handel was om dit wat heilig is, te ontheilig. En dit was verder getoon dat al hul Liefde in die huwelik slegs wellus is en dus nie geestelik nie en dit kan nooit geestelik word tensy hulle die Meester erken nie.

47. **Die lot van hulle in die ander lewe** is as volg: Eerstens, in die wêreld het hulle, buiten die bywywe, ook nog verskeie ander vrouens geneem, maar omdat dit in die geestelike wêreld die vereniging tussen twee siele is en hulle is van verskillende siele, hulle nie tesame kan wees nie; hulle dryf dan spontaan uitmekaar en dan word hulle finaal saamgevoeg met `n vrou met wie hul siel ooreenkom. Geleidelik word hy van die ander vroue geskei en uiteindelik verenig met een waarmee sy siel in ooreenstemming is. Boonop word hulle wat volhard in veelwywery, met die verloop van tyd so impotent en swak, dat hulle hul walg oor die huwelik, want wellus bring dit saam met hom.

48. Diegene van hulle wat in hulle hemel is, het net een vrou en het meer verwerp. Daar is `n Mohammedaanse hemel apart van die Christen hemel, want hulle wat die Meester uiteindelik erken, soos baie ander, wat die Meester as één met die Vader erken, word afgeskei in hemele wat met die Christelike hemel kan kommunikeer en onder hulle is daar huweliksliefde.

49. Hulle het van die engele gehoor hoe die huweliksliefde beskryf word in al sy vreugde en genietinge en dat dit tot in ewigheid duur, met `n oneindige verskeidenheid van genoegdoeninge en behaaglikhede en hulle het gewonder, en baie van hulle het geloof in die Meester ontvang en was gestuur tussen die engele van die Christelike hemele en is onderrig aangaande die Meester en in die doktrine van Liefde en geloof tot Hom.

50. **Die toestand van metgeselle na die Dood**. Ongeveer almal wat in die wêreld in die huwelik geleef het, ontmoet sy vrou na die dood, as sy eerste gesterf het, of hy wag vir haar. Wanneer hulle mekaar ontmoet, ondersoek hulle mekaar om te sien wat hulle wedersydse liefde was; en as daar nie wedersydse liefde is nie, skei hulle spontaan, want twee uiteenlopende liefdes en denke kan nie verenig nie, want daar is `n kommunikasie van alle liefde en daarom van die denke en as daar nie ooreenstemming is nie, begin `n groot ongemaklikheid, dan word dit moeilik om asem te haal, soos `n ongemaklike hyging na asem, sodat hulle nie anders kan as om geskei te word en saamgevoeg te word met ander in ooreenstemming hul gelykenis.

**Die progressiewe en trapsgewyse kuisheid van die Huwelik**

Die Liefde in die huwelik is in sy oorsprong en ooreenkoms hemels, geestelik, heilig, suiwer en skoon bo elke ander liefde wat die engele van die hemel of die mens van die (innerlike) Kerk het van die Meester. Dit was so vanaf die begin, naamlik dit wat die huwelik is van die Goeie en die Waarheid, ook dit is vanuit die ooreenkoms met die huwelik van die Meester en die Kerk. Dit word ontvang vanaf sy Outeur, Wie die Meester is, wat heiligheid en reinheid vanaf Hom volg, wat voortdurend skoonmaak, reinig en louter. Dan, as daar `n mens deur sy wil daarna verlang en hy wend `n poging aan, word sy Liefde voortdurend skoner en suiwerder. Almal wat in hierdie Liefde is, vermy buite-huwelikse liefdes (wat verbindings met ander as hulle eie huweliksmaat is), soos wat hulle die verlies van `n siel en die putte van die hel sou vermy; - en in die mate wat getroude genote sulke verbindings vermy, selfs ten opsigte van wellustige begeertes van die wil en enige bedoelings daaruit, so ver word huweliksliefde gesuiwer en word dit meer geestelik.

*(Word vervolg in die volgende uitgawe van "Die Nuwe Jerusalem")*

# Diktasie aan Francois Fourie op 11 September 2008 om 21:15

Kragdadig sal Ek aan die werk wat My liefhet en op My wag. Op My wag vir die nuwe dag, vir wedergeboorte en vervulling van Gees uit die hoogte. Moenie afbreek wat jy al gebou het in die ryk van die hemele nie.

Die hemel is in jou en so ook die hel. Waar staan jy My kind? Het jy My waarlik lief? Ek vra jou dit weer en vir 'n derde maal, het jy My lief? So sê Ek dan vir jou, jy het MY lief as jy My woorde glo, jy het My lief as jy vir dit staan, en jy het My waarlik lief as jy dit doen vanuit die ware liefde in jou hart. Daarom vra Ek jou drie maal weer, het jy My lief?

Gaan ondersoek jouself en jy sal moet beantwoord volgens jou hart se ingewing. Ek sal jou sê, dat as jy My werklik liefhet en na My verlang as jou Man, jou Koning, jou Broer en Vriend, jy My werklik liefhet en dan die lewe in jouself het. Hierdie lewe sal jou die wedergeboorte besorg en een met My sal jy word, ja, Ek sal My Gees van liefde en krag op jou uitstort. Dit is My woord, dit staan vas.

Bly in die stad, nie in die vleeslike wêreld nie, maar die stad in My; die Nuwe Jerusalem! Hierdie stad is die drievoudige bewysde liefde en as jy hierin bly, sal jy My Gees ontvang. Dit is My boodskap weereens aan julle, My Nuwe Jerusalem bewoners. **Amen**.



# Filadelfia Ark

## Sorgsentrum vir die Boerevolk

FILADELFIA ARK lewer 'n liefdesdiens aan talle behoeftige mense in Pretoria en omliggende streke. Die volgende is 'n kort oorsig oor ons aktiwiteite

,KOSVERSKAFFING

Verskeie boere, supermarkte, bakkerye, en slaghuise stel voedsel beskikbaar vir verspreiding onder behoeftiges. Filadelfia ontvang tans produkte van boere in die Brits omgewing, asook sekere supermarkte, bakkerye en slaghuise. Hierdie voedsel bestaan in hoofsaak uit groente, vrugte, brood, mieliemeel, vleis en ander kossoorte. Die produkte word deeglik uitgesorteer ten einde die bruikbare voedsel te verkoel en te herverpak vir lewering aan, skuilings, groepe en individue.

Voedsel word ook verwerk deur dit te kook, in te maak, te droog en te vries vir verskaffing aan behoeftiges. Filadelfia verkies om voedsel aan georganiseerde sopkombuise te verskaf, aangesien beter kontrole gehou kan word oor die verskaffing van kos aan veral kinders, gestremdes en bejaardes.

Filadelfia voorsien hoofsaaklik aan die westelike en noordelike gebiede van Pretoria , asook die Brits/ Hartebeespoort omgewing.



Massas voedsel word daagliks afgelaai





Voedsel word in die kombuis deur inwoners verwerk





(Vervolg op bladsy 26)



Komberse word uitgedeel teen die snerpende koue





Uit "Die klerekas" word klere gratis verskaf

## KLERE EN BEDDEGOED

Skenkings van komberse en klere word op gereelde basis aan behoeftiges beskikbaar gestel vanuit 'n groot klerestoor

## WIE DOEN DIE WERK

Op `n kleinhoewe, geleë te Kameeldrif-Wes, help 140 werklose mans en vroue wat op die terrein bly, met die voorbereiding en verpakking van verbruikers-items. Kundiges help met vervaardiging van houthuisies en tente wat dien as noodbehuising by sorgsentrums.

FILADELFIA reël vir die persoonlike afhaal van voedsel by supermarkte. Van die verantwoordelike persone word dan verwag om behoefte-bepalings te doen en ontwikkellingsverslae te verskaf. Gereelde gesprekke en vergaderings word gehou ten einde onsself van die nood te vergewis.

## ANDER NOODSAAKLIKE DIENSLEWERING

Vanaf die sorgsentrum geleë te Kameeldrif Wes word siekes, gestremdes en pensioenarisse vervoer na klinieke, hospitale en sentrums in die stad vir die nodige aandag. Geestelike berading word ook verskaf en gereelde oggenddienste verseker `dat dieper geestelike waardes aangeleer word. Filadelfia se leuse is: "***Doen aan andere wat jy aan jouself gedoen wil hê.***"

## INSTANSIES WAT HULP ONTVANG

Sorgsentrums, sopkombuise, ouetehuise, groepe en individue, hoofsaaklik in die Weste van Pretoria, Brits en Hartebeespoort..

## FINANSIES

FILADELFIA is totaal afhanklik van skenkings. Die suksesvolle bestuur van hierdie uitgebreide bediening vra waaragtige geloof, kundige voetwerk en entoesiasme te midde van dikwels benouende omstandighede, entoesiasme wat alleen van die Vader kom. Ons kyk dus boontoe en beplan 'n kragtige Hulpfonds vir die toekoms

*(Vervolg op bladsy 27)*

(Vervolg van bladsy 26)

## TOEKOMSBLIK

- Filadelfia beplan grootskaalse uitbreidings van woon infrastruktuur op sy perseel
- Voedselwerwing dwarsoor Suid-Afrika word vir die toekoms beplan. Ons kyk na meer varsprodukte direk vanaf die boere.
- Talle ouetehuise, kinderhuise en huise vir gestremdes kry bitter swaar as gevolg van staatsubsudies wat gesny is en moet dringend gehelp word.
- Dit is ons **VASTE V00RNEME** om 'n helpende hand uit te steek na hierdie mense.

KONTAKBESONDERHEDE soos op bladsy 3 van die NUWE JERUSALEM

**Kinders baljaar in dam op die Filadelfia plaas**



# Wat is die geestelike voordeel van naasteliefde werke?

Die vorige artikel is `n kort oorsig van die take waarmee die Filadelfia Ark tans besig is. Ons is terdeë bewus daarvan dat die linkerhand nie mag weet wat die regterhand doen nie, maar ons is tans midde in die grootste krisis wat die Boerevolk nog ooit in sy geskiedenis getref het. Daarom openbaar ons in hierdie tydskrif dit waarmee ons besig is, sodat u ons dalk kan bystaan in hierdie pogings van ons. Onthou, vele hande maak ligte werk!

Hierdie huidige krisis verg samewerking van die Boerevolk op alle terreine. Daar is tans vele rolspelers wat werklik `n groot verskil maak aan die ellende van ons volk.

Wat ons egter wil bereik, is dat alle geloofs- en volksgenote hande sal vat en begin werk in die wingerd van ons Verlosser, JaHshua. Tans is daar bykans 700 000 Afrikaanssprekendes wat onder die broodlyn moet leef, direk as gevolg van `n kommunistiese beleid van regstellende aksie.

Hierdie beleid het geen ander doel voor oë as om die breë Afrikanervolk uit te roei nie. Die twee belangrike horings van hierdie swart bul wat op ons Volk afstorm, is die horing van verarming en die horing van verbastering.

Teen hierdie swart bul sal `n behoorlike teenvoeter opgestel moet word deur eendersdenkendes onder die vaandel van:

"**EENDRAG IN JAHSHUA MAAK MAG**".

Sonder Hom as ons Leidsman in hierdie stryd is ons gedoem, sonder Sy gebod van liefde, sal die volk ten gronde gaan. Wat was Sy belangrikste boodskap aan ons oor hoe Hy ons besig wil sien wanneer Hy terugkeer?

> ***Matthéüs 24:44*** *Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die Adam kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.*
>
> *45 WIE is dan die getroue en wyse dienskneg vir wie sy Meester oor Sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee?*
>
> ***46*** *Geseënd is daardie dienskneg vir wie sy Meester, as Hy kom,* ***op hierdie manier besig sal vind****.*

Hieruit is dit dan duidelik af te lei dat daar géén ander saak is wat meer belangrik is as voedselverskaffing nie. Verseker is die innerlike betekenis dat ons GEESTELIKE voedsel moet gee, maar hoe vertel jy `n honger man hoe wonderlik God is? Hy stel nie daarin belang nie, hy wil eet, hy wil geklee word hy wil uit sy gevangenis kom. Voorsien in al daardie behoeftes, gee hom die fisiese voedsel, die klere, haal hom uit sy hool- of heltronk uit, en dan, na `n tyd, sal hy deur die liefde, wat jy aan hom geopenbaar het, hierdie God van liefde begin glo en `n verandering sal in hom plaasvind. Dan kan jy voortgaan om die geestelike voedsel, kleding en vrymaking aan te bied. Dan eers sal dit slaag, indien daar by hierdie persoon `n wil teenwoordig is om op jou liefde te reageer.







**Deur die feeste soos Pasga, Geloftedag en ander volksfeeste op die plaas aan te bied, word die verdwaaldes weer ingelei in geestelike en kulturele goedere van die eertydse Israelvolk en Boerevolk.**

Hiervoor is baie liefde, geduld en lydsaamheid nodig. Daar is egter géén ander manier waarmee ons onsself kan besighou nie. Hierdie liefdeswerke het `n tweeledige einddoel, naamlik die opheffing van die naaste tot iemand wat op sy beurt sy lig sal laat uitstraal in ons volk, maar ook die gewer se innerlike verander positief.

Deur die liefde wat jy betoon het, verhoog die Vader nou Sy liefde in jou! Jy bereik dus hoër geestelike vlakke, deur in die liefde werksaam te wees. Dit noem ons die pad van die wedergeboorte. JaHshua het eendag gesê dat daar twee paaie is wat na die wedergeboorte lei. Die een, die kortpad, is deur die liefde en die pad is slegs 300mm lank, omtrent sover as wat jou verstand van jou hart is. Dit is die neerdaling wat ons moet maak, naamlik ons verstand afsterf en in ons harte begin leef en dink.

Die tweede pad is die pad van die Wysheid wat baie lank is en baie studie insluit, soms jare en jare se studie. Maar aan die einde van so `n studie, vertel die Wysheid jou ook maar net dat daar slegs een pad was, naamlik die pad deur die liefde.

Nou ja, watter dwaas wil nou die ompad neem! Kom Boere, laat ons daadwerklik hande neem en onsself ophef in Jahshua se twee gebooie van die liefde. Dis laat!!

**Werke bring jou nie in die hemel nie, werksaamheid ÍS die hemel**







Betrokkenheid by die gemeenskap





Voedselvoorsiening en hulp aan behoeftiges



Werkverskaffing



Verwerkingsfasiliteite









Lae koste behuising



# FILADELFIA - Sorgsentrum vir die Boerevolk